dagstukkies met Reinhard

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

8 APRIL 2019

Romeine 10:17: #Luister

"Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God."

Seker een van die belangrikste sintuie wat 'n mens het is sy gehoor. Het jy al ooit gewonder wat gehoor eintlik beteken? Dit is nie net die ding waarmee jy luister nie, maar dit is hoe jy weet wanneer jy in gevaar is, dit is 'n waarskuwing, dit is iemand wat jou bemoedig en dit is iemand wat jou prys. Gehoor is die een sintuig wat so baie vir ons van ons wêreld vertel. Ons leer ook baie makliker deur dit wat ons hoor, maar as jy nie kan hoor nie moet jy staatmaak op 'n klomp ander faktore wat saamwerk vir jou om tot openbaring te kom.

Met my geestelike lewe is dit dieselfde. Ons hoor God op 'n praktiese manier. Ons hoor hoe Hy met ons praat deur die Woord wat ons lees, deur die ervaring van die bybel wanneer ons bid en wanneer ons saam met ander gelowiges byeenkom. Dit is in daardie *hoor* wat ons ontdek wie Hy werklik is. In Romeine 10:17 sê dit dat geloof volg uit die aanhoor van die boodskap en die aanhoor van die boodskap volg uit die verkondiging van die goeie nuus van Christus. Ek en jy het 'n goeie nuus boodskap wat ons nodig het om te hoor. 'n Boodskap wat ons lewens verander. Dit is 'n boodskap wat vir my en jou tot insig bring.

Wanneer laas het jy regtig stil geraak en net geluister na dit wat God vir jou sê?
Kom ons bid saam:

Here, dankie dat ons kan hoor wat die goeie nuus is dat U vir my gekom het en dat ek vrygemaak is deur U bloed van die Lam.

Seëngroete